

11 Januarie

Skrifgedeelte: Jona 3 & 4 (NAV)
Fokusgedeelte: Jona 4:10,11

God se besorgdheid

Dat 'n Bybelboek met 'n vraag eindig – dit kan eintlik tog nie. Ons sou 'n antwoord verwag. Maar die antwoord moet jy self gee.

Jona is bekommerd oor sy komkommerplant. Wat is 'n komkommerplant egter in vergelyking met 120 000 mense van Nineve wat nie eens die verskil tussen hulle linkerhand en regterhand ken nie?

Die mens wat daardie onderskeid nie kan maak nie, is gewoonlik tussen een en drie jaar oud. Dit kan beteken dat net die kindertjies alleen 120 000 tel en dat die totaal van Nineve se mense meer as 600 000 kon wees.

Jona is meer bekommerd oor 'n komkommerplant as oor 600 000 mense! By Jona gaan dit om homself. Sy koelte is vir hom belangriker as die toekoms van 600 000 mense. Is dit nie so dat ons ook dikwels vir onself 'n skaduwêreldjie opeis waarin ons darem beskerm kan wees. Intussen bak honderdduisende in die skroeiende son van hulle sonde.

Maar God is besorg oor 120 000 kindertjies en oor al die stomme vee. Hy ken die presiese getal – nie net in Nineve nie, maar ook by ons. God ken u en my. Sy besorgdheid lê daarin dat Hy nie wil hê dat sy skepsele deur sy toorn tot niet gaan nie, maar dat die mens hom bekeer en lewe.

Die Nagmaal is die teken van God se besorgdheid wat voor ons oë gebreek en geskink word.

As die Here dan in sy besorgdheid soveel gedoen het om ons van die toorn te verlos en om ons in sy goeie guns te laat deel, moet ons ons die volgende vrae afvra:

- Is ons besorgdheid oor ons kinders eg as so baie lidmate hulle kinders tuis laat met Nagmaal? Waarom weerhou ons ons kinders van die tekens van God se besorgdheid?
- Is ons ook besorgd oor die groot aantal mense wat nog in die brandende son van hulle sonde en ellende leef?

Sing: Psalm 36:2

Ds CA Jansen (Welkom-Noord)